**Bou op Jesus Christus die Ewige Hoeksteen van ons lewe**

**Lees: Lukas 20: 9 – 19** **Lukas 20: 17 - 18**

Dit is so dat amper elke Gereformeerde Kerk ‘n hoeksteen het. Die hoeksteen word gewoonlik onthul of oopgemaak die dag as die kerkgebou in gebruik geneem word. Maar hoekom speel die hoeksteen so ‘n belangrike rol?

Ons lees hier in ons Skrifgedeelte hoedat daar na die hoeksteen verwys word, en dit is ‘n aanhaling wat uit Psalm 118 kom. Die hoeksteen soos hierdie gedeelte vir ons beskryf is die belangsrikste steen in die gebou. Dit is ‘n spesiale klip wat gesoek word, en baie presies op sy plek neergesit moet word. Hy moet mooi gelyk wees, nie een kant toe kantel nie. Hierdie klip dui die lyn aan en die rigting van hoe die ander stene wat in die gebou moet kom, gepak en gemessel moet word. As daar fout is met die hoeksteen, dan word die gebou skeef gebou.

Nou kom Christus in hierdie gedeelte en vertel die mense nog ‘n gelykenis. Hy vertel hulle van ‘n man wat ‘n stukkie grond verhuur aan ander mense. En soos die gewoonte is stuur hy van tyd tot tyd een van sy slawe om sy deel van die opbrengs te gaan invorder.

Maar die huurders wil nie die geld aan hom oorbetaal nie. Hulle slaan sy slawe en mishandel hulle en stuur hulle met leë hande terug. Uiteindelik besluit hy om sy eie seun te stuur, sy erfgenaam. En as hy kom, besluit hulle om hom dood te maak. As hulle dit sou doen, dan sou hulle as huurders die grond erf omdat die eienaar nie meer ‘n erfgenaam het nie.

Wat beteken hierdie gelykenis? Die grond of die wingerd is Israel. Die eienaar is God. Die huurders of landbouers is die leiers van Israel, die Fariseërs en Skrifgeleerdes. Die slawe wat gestuur is, was die profete. Die seun is Jesus Christus.

Die boodskap? God het mense aangestel om sy volk te lei en te versorg. Waar daar probleme was en dwaling, het God telkemale sy profete gestuur om te vermaan en bekering te preek. Hy het selfs sy volk in ballingskap laat wegvoer. Maar nêrens wou sy volk luister nie. Die profete is mishandel en verwerp, en sodoende het God besluit dan om Sy eie Seun te stuur, Jesus Christus. Hier staan Hy nou voor hulle.

Hoeveel keer in ons eie lewens word die boodskap nie na ons gebring nie? Deur middel van prediking, huisbesoek en katkisasie. Daar is talle wat nie wil luister of gehoorsaam wees nie. Daar is soveel wat die Woord van die Here verwerp. God stuur sy slawe, sy diensknegte om sy deel van die oes te kom haal.

Maar wanneer ons nie luister nie, dan maak ons soos hierdie huurders en stuur Sy Woord leeg terug na Hom toe. Ons is maar een trap weg daarvan om die Seun van God dood te maak net soos hierdie huurders.

God kom en verwerp hierdie huurders en stel ander huurders aan oor sy grond. Die rede? Hulle het nie Christus erken as die ware hoeksteen nie. Jesus verwys na Homself as Hy praat van die hoeksteen waarteen die mense hulle tone stamp en tog erken hulle hom nie as die regte hoeksteen nie.

Christus moet die hoeksteen van my en jou lewe wees. Hy is deur God reg gelê en vorm die basis waarvolgens ons ons lewens op moet skoei, of bou. Deur Hom as ons Hoeksteen te hê maak dat ons lewens, ons gebou, reg gebou word, op die regte fondament en dat ons gebou uiteindelik goed gebou word.

Ons kan nie bekostig om die Hoeksteen te verwerp nie, en as ons ons tone teen Hom stamp moet ons die wysheid en insig hê om te weet en te besef dat dit die regte Hoeksteen is en daarop bou.

Ds. Neville Boy

**15 April 2018**